Maand-Krant

Feesuitgawe - Mei 2022

Wapadrant Gemeente

39 jaar - kan dit wees?

39 jaar gelede op Sondag 28 Mei 1983 is Wapadrant Gemeente afgestig vanaf Alkantrant Gemeente. Die nuwe gemeente bestaan uit Moreletapark, Garsfontein, Faerie Glen asook al die plotte van Shere en Tygerpoort. Die grense was alles suid van Lynnwoodweg en oos van Genl. Louis Bothalaan; noord van Delmaspad en oos van die R25 tussen die Delmaspad en Lynnwoodwegverlenging.

Dit was 'n tyd van eerstes: die eerste predikant: ds Kotie de Jager; die eerste skriba: Herman Botha; die eerste attes-skriba: Jan de Beer; die eerste baba wat gedoop is: Mariza Lensink. Na twee jaar het ds de Jager vertrek na Johannesburg-sentraal, en nadat die gemeente hom twee maal beroep het, het dr Klasie Heystek die beroep aanvaar.

Wapadrant het bestaan uit 235 lidmate en omtrent 100 kinders. Aangesien die gemeente konstant gegroei het, het die kerkraad gou besef dat hul met die Hoërskool Pro Arte moet onderhandel om hul skoolsaal te gebruik. Wapadrant se predikant het nie verniet die bynaam "Klasie bouer" gehad nie! In al sy vorige gemeentes het hy aan die stuur gestaan van die kerkbouprogram. Hy het hier ook daarin geslaag om die bekwame professionele span bymekaar te kry asook die wêreld deur te kyk totdat hy die huidige kerkgronde geïdentifiseer het vir kerkbou. Die kerkraad koop die grond vir R175 000 van mnr van Zweel. Die totale boukoste beloop R2.4m en is mildelik gefinansier deur die hersonering van die grond waar Hokaaislaghuis vandag is. Dit is gekoop vir R60 000 en verkoop vir R1,4m. Tesame met rente-verdienste en eienaar-bouer is die projek slegs met R300 000 skuld afgehandel. Die skuld is binne 'n kort tydperk vereffen.

~Jan de Beer

Die gemeente Wapadrant is vanjaar 39 jaar oud. BAIE GELUK.

Wapadrant het op 28 Mei 1983 van die gemeente Alkantrant afgestig onder die leiding van dr. A le R du Plooy.

Die program tydens die afstigting in Alkantrant se kerkgebou het soos volg verloop:

1. Vergadering van die gemeente waartydens die nuwe gemeente gestig is;
2. Erediens deur dr. A le R du Plooy;
3. Gelukwensings aan die nuwe gemeente deur:
   3.1 Ouderling Dirk Greyling namens die Gereformeerde Kerk Alkantrant;
   3.2 Ds PJ de Wet namens klassis Suidelike Pretoria; en
   3.3 Ouderling T Boshua namens die Gereformeerde Kerk Brooklyn.
4. Ouderling Henk Botha antwoord namens die Gereformeerde Kerk Wapadrant.

Mag ons Hemelse Vader hierdie gemeente vir nog baie jare met Sy liefde toevou en met Sy genade ons seën met alles wat in Sy Naam aangepak word.

~ Lou Coetzer

Elke keer wat ek die rose sien, dink ek aan Susan Heystek. Dit voel soos gister dat ons besluit het om *Alex Red* rose op die kerkterrein te plant.

Dit blom steeds te pragtig!

~ Ineke du Preez

HANDYMAN
Jacques: 078 594 8759
Email: jbnamib@gmail.com
We can help you replace & repair all things in & around the house
* Plumbing
* Electrical
* Tiling
* Woodwork
* Security Gates
* Car Ports
* Roof Sealing
* Paving
* Painting
* Solar Power Systems
078 594 8759
We can help you replace & repair all things in and around the house

SKOLIES: 10-17 JULIE
MOOT 2022 INSKRYWINGS
Is nou oop!
TOT 30 JUNIE
Kamp Kostes:
SKOLIES: R850
STUDENTE: R950
STUDENTE: 8-17 JULIE

No.1 Vleismark in Gauteng
Bekroon deur die SA Rooivleisbedryf
CLEAVER AWARD
QUALITY • HYGIENE
SERVICE • VALUE
Cleaver-toekenning vir
• Higiëne
• Gehalte
• Diens
• Waarde vir geld
LESERSKEUSE
Beeld 2021
PLATINUM
Best of Pretoria
READERS' CHOICE AWARDS 2021
BOMA Vleismark Meat Market
Garsfontein/Rubensteinlaan, Moreletapark, Pretoria • 012 998 8711 • www.bomameat.co.za

Attestate & Bewyse van Lidmaatskap

Ontvang van:

GK Brooklyn: Tiaan Roelof Prinsloo
NG Middelburg-Suid: Izelle Prinsloo (Conradie)
NG Oberholzer-Wes: Judith Christina Esterhuizen
GK Annlin: Johanna Susanna Viljoen (Viljoen)
GK Rietvallei: Johannes Lodewicus en Martha Maria Jacoba van der Walt (Venter)

Afgestuur na:

HK Wapadrant: Nicolaas Jacobus en Johanna Elizabeth Bronkhorst (Streak) en dooplidmate Sybrand en Samuel Walt
Lewende Woord: Matthys Johannes en Alida Hermina Reynecke (Smit) en dooplidmaat Marcus

SKENK ASB!

Zanelda: 082 364 2196
zanelda@sunriseroad.org.za

SunRise Road NPC Reg Nr 2012/215898/08
Rise UP CHARITY STORE

Wapadrant Finansiële sake

Tot en met einde Maart 2022



Na die eerste 3 maande in 2022:

In die grafiek hierbo kan gesien word dat die jaar begin spoed kry soos die uitgawes ook stelselmatig maandeliks begin meer word. Die inkomste het die jaar goed begin, maar begin nou maandeliks terug te sak. Ons kan wel met dankbaarheid die volgende positiewe uitkomste aan die gemeente deurgee:

Daar was 'n geringe netto Bedryfstekort van R31 029 vir Maart, maar vir die jaar tot op datum einde Maart, was die netto Bedryfsurplus R280 995.

Hierdie **bedryfsurplus** na drie maande kan soos volg verder onderling verdeel word tussen die 4 groot fondse waaruit al die uitgawes vir spesifieke doeleindes gedra word en lyk soos volg:

Kerkkas = Surplus van R 90 911

Barmhartigheidsbediening = Surplus van R 254 277

Uitreikbediening = Surplus van R 7 559

Jeugbediening = Tekort van R 71 752

Die **Jeugbedieningfonds** is 'n nuwe fonds wat deur die Kerkraad goedgekeur is en wat moontlik nog nie so bekend is aan die lidmate nie. **Bydraes kan apart hiervoor gemaak word**.

Dankoffer-inligting

Maand	Aantal potensiële *bydraepunte	Aantal punte met geen beloofde bydrae	Aantal punte wat beloof het maar geen bydrae maak nie	Aantal punte wat agterstallig is	Getroue bydraers
Nov 2021	*(1 083) **(1 620)	389 35.92%	89 8.22%	128 11.82%	477 44.04%
Des 2021	*(1 083) **(1 620)	385 35.55%	85 7.85%	149 13.76%	464 42.84%
Jan 2022	*(1 082) **(1 621)	420 38,82%	162 14.97%	16 1.48%	484 44.73%
Feb 2022	*(1 089) **(1 625)	430 39,49%	129 11,85%	56 5,14%	474 43,52%
Maart 2022	*(1 085) **(1 621)	420 38,71%	115 10,60%	69 6.36%	481 44,33%

* Bydraepunt : Getroude man en vrou = 1 bydraepunt
Belydende lidmaat in dieselfde gesin = bydraepunt
Enkellopende belydende lidmaat = bydraepunt

** Belydende lidmate

Hou asseblief in gedagte, vir hierdie gemeente om effektief te moet kan funksioneer, is daar heelwat finansiële verpligtinge wat nagekom moet word, wat meebring dat daar finansiële bydraes ontvang moet word, vanaf die lidmate, waaruit die bedryfsuitgawes dan gedek kan word. Daarom maak ons staat op elke lidmaat se dankoffer bydraes.

Indien lidmate nie oorbetalings aan die gemeente doen nie, beteken dit die ander lidmate in die gemeente, wat wel bydraes maak, "borg" die nie-bydraende lidmate, vir die genoemde uitgawes wat aangegaan moet word.

Moet asseblief nie die genoemde finansiële bydraes, (wat in kerkterme ook 'n Dankoffer genoem word), in die liefdegawesakkie plaas nie, want die liefdegawes gaan nie vir dieselfde doel nie. (Maak gebruik van die dankoffervorm).

Maniere van afdra van Dankoffer

- **Direkte inbetaling** op kerk se bankrekening/per internetbank of per aftrekorder by jou eie bank.
  Bankbesonderhede: Gereformeerde Kerk Wapadrant, ABSA rek nr 349 0151 957, takkode 632 005. BAIE BELANGRIK: Naam, van en doel as verwysing. (Behalwe in die geval van 'n anonieme inbetaling.)
- Indien jy anonieme bydraes wil maak, plaas kontant/tjek in `n koevert en sit in liefdegawesakkie of doen 'n elektroniese oorbetaling in kerk se bankrekening.
- **Debietorder:** Reël met kerkkantoor by kantoor@gkwapadrant.co.za of volg hierdie skakel vir vorm: http://www.wapadrant.co.za/finansielesake.html
- **Nog 'n manier om jou dankoffer/liefdegawe oor te betaal:** Snapscan – Vir gerieflike en vinnige betaling. Gaan na http://www.wapadrant.co.za/finansiele-sake.html vir instruksies

Snap here to pay

SnapScan

Seagull
TRAVEL TOURS

Ons Kliënte Word Ons Vriende

Shop 6 | Wavecrest Centre | Gama Rd | Jeffreys Bay | South Africa |
Email: info@seagulltours.co.za | www.seagulltours.co.za
Tel: +27 [0] 42 296 0475 | Fax: +27 [0] 86 686 0009

TURKYE - GEESTELIK EN KULTUREEL

Kom reis saam met ons in die voetspore van Paulus, verken die sewe gemeentes en geniet die besonderse land se kultuur, kos en bazaars
15 – 25 Mei 2022

Jeanne
Du Plessis

Financial Planner
Financial Wellness Practice Menlyn

T: (012) 023 0014

90 Kingbolt Crescent Wapadrand
Security Village, Pretoria, 0050

jeanne.duplessis@momentum.co.za
083 449 5612

HERNU VOERTUIG-
LISENSIES
BINNE 48 UUR

5% AFSLAG
daagliks vir
pensioenarisse*
*T&Vs geld

KWIKSPAR & TOPS
WAPADRAND
H/V Wapadrand & Lynnwood @kwiksparwapadrand

LYNNWOOD LANE
H/V Equestria & The Highway @TopsLynnwoodLane

SPLINTERNUWE
UITLEG
VIR U GERIEF

"Hul slaghuis word sterk aanbeveel! Altyd skoon met gehalte vleis en waarde vir geld gewaarborg."
FRANCES SLABBERT

GRATIS AFLEWERINGS IN PTA-OOS*
*T&Vs geld

Bestel sommer direk by ons!
061 707 0091

Almal se mandjie

B²

BEST BUILD

Your obvious choice in construction

- NEW HOUSES
- ALTERATIONS
- MAINTENANCE
- BATHROOMS
- WATERPROOFING
- PAINTING
- TILING
- CEILINGS
- ADDITIONS

ADRIAAN SMIT : 083 457 4301
adriaansmit47@gmail.com

Wapadrant-lidmate se verjaarsdae is op die webblad beskikbaar by http://www.wapadrant.co.za/neem-kennis.html

EL-PIDA DIENSSENTRUM

Te koop - *Geurige Tuisgemaakte slaaie & Blatjang*

Kom kyk by El-pida se kantoor, Valleisig Gemeente

of kontak Judy by 083 325 2102

Die Kerkblad op pad na 150 jaar

Op 1 April 2023 sal *Die Kerkblad* DV vir 150 jaar deel wees van die bestaan van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Op 1 April 1873 het die eerste uitgawe as *De Maandbode* verskyn, en sedert 1 Oktober 1894 was dit bekend as *Het Kerkblad* en later *Die Kerkblad* soos ons dit vandag ken.

Dit is interessant dat daar blykbaar geen amptelike sinodebesluit was wat tot die stigting van die blad gelei het nie. Die eerste redakteur en "stigter" van *De Maandbode*, prof. Jan Lion Cachet, meld wel in die eerste uitgawe dat die behoefte aan 'n tydskrif, gewy aan die belange van die kerke, deur vele gevoel is en toe daar op die Algemene Vergadering in die Kaapkolonie "met een enkel woord" daaroor gepraat is, het die gedagte soveel aanmoediging ontvang dat hy nie langer gedurf aarsel het om die uitgawe van die blad te beproef nie (vry vertaal – CFCC). Prof. Cachet noem dit die "eerste spreken onzer Kerk".

Op die Sinode van 1873 (Handelinge 1873:38, art. 137) deel prof. Cachet die Sinode mee dat hy onderneem het om 'n kerklike blad, genaamd *De Maandbode*, uit te gee, waarvan die eerste nommer reeds verskyn het. Die Sinode neem met genoeë hiervan kennis en spreek die hoop uit dat die onderneming mag slaag.

Nadat die saak op verskeie sinodes gedien het, en daar onder andere besin is oor die vraag of *De Maandbode*, wat as 'n "private onderneming" begin het, voortaan "van wege de kerk" uitgegee sal word, het die Sinode van 1894 besluit (Handelinge 1894, art. 155) om die sorg vir die uitgee van die blad aan die kuratore met die professore van die Teologiese Skool op te dra. Verder word alle kerkrade opgewek om ywerig in belang van *De Maandbode* te werk.

"Veelledige" doel

Prof. Cachet stel dit in die eerste uitgawe van 1 April 1873 dat die doel van die blad "veelledig" is. Daar sou elke maand 'n woord van stigting ('n oordenking of preek – CFCC) geplaas word vir lesers wat van die kerk af woon en nie elke Sondag die eredienste kan bywoon nie. Verder sou daar 'n spesiale gedeelte vir die kinders wees, sodat nie alleen leeslus nie, maar ook ware godsdiens opgewek word. Daar sou mededelings wees oor belangrike sake wat in die kerke gebeur, ook buitelands. Die saak van die onderwys sou besondere klem ontvang. En daar sou geleentheid wees vir bespreking van die belange van die kerke, die verdediging van ons geloof, die bestryding van dwalinge, ensovoorts.

Dit is ook duidelik gestel dat "geen twisgeskrif of persoonlikhede" die blad mag ontsier nie.
In die eerste uitgawe was daar ook 'n ope brief van ds. (prof.) Dirk Postma aan al die gemeentes wat hy kort tevore besoek het. Die besluite van die kuratore oor die saak van die onderwys is ook geplaas, asook 'n spesifieke gedeelte vir die kinders, 'n opwekking deur ds. Postma vir ywerige ondersteuning van die blad, en beskrywingspunte wat op die volgende sinode sou dien.

Die pad vorentoe

En nou is dit 149 jaar later. Baie dinge het verander. Maar daar is onveranderlike waarhede wat steeds geldig is en sal bly, hoe die tye en omstandighede ook al wissel.

Daarom is dit ons oortuiging dat die behoefte aan 'n blad soos *Die Kerkblad* selfs meer relevant is as in 1873. In die uitgawe van Februarie 2014, met die wisseling van redakteurs, is onder andere daarop gewys dat ons in 'n tyd van ongekende verwarring, twyfel en vervlakking leef. "Oor godsdienssake was daar nog nooit soveel uiteenlopende menings en groepe nie. Dwaalleer floreer soos onkruid wat kunsmis gekry het. Daar was ook nog nooit soveel twyfelaars nie."

Teen hierdie agtergrond word dit dan gestel dat daar "'n groter behoefte as ooit" bestaan aan die uitdra van die gereformeerde godsdiens. Die grondslag van *Die Kerkblad* word onomwonde en duidelik gestel as die onfeilbare en gesagvolle Woord van God en ons gereformeerde belydenisskrifte wat die waarhede van die Woord in geloofstaal formuleer.

In ooreenstemming met die oorspronklike doel van *De Maandbode* wil *Die Kerkblad* steeds Koninkryksgerig die gesag van God se Woord op elke terrein van die lewe bestry, ons geloof verdedig, dwalinge bestry en ons lesers toerus en opbou vanuit die Woord om staande te bly in die stormagtige en verwarrende tye wat ons beleef. Uiteindelik moet ook alles in *Die Kerkblad* die ewige waarheid dien en uitdra dat die drie-enige God deur Jesus Christus oor alle dinge regeer, waak oor sy kerk, die wêreldgeskiedenis lei na die oomblik van die voleinding, en dat aan Hom alleen al die lof en eer en aanbidding toekom.

Gaan ons die mylpaal bereik?

So is *Die Kerkblad* op pad. En tog, aan die vooraand van die viering van die 150-jarige bestaan, het ons met besondere konkrete uitdagings te doen, wat ons die afgelope tyd telkens met ons lesers gedeel het. Dit is duidelik dat die entoesiasme wat in 1873 tot die stigting van *De Maandbode* gelei het, drasties afgeneem het. Ten spyte van herhaalde oproepe ervaar ons steeds dat die intekenare minder word. Wat die finansies betref, voer ons van maand tot maand 'n oorlewingstryd. Sonder die konkrete en ywerige ondersteuning van ons kerke en lidmate lyk die toekoms donker.

ONS
TRAUMA SENTRUM
BENODIG
VRYWILLIGERS

SunRise
TRAUMA CENTRE

kontak Collette:
079 392 1100

Toer na Israel

Israel het weggedoen met al die Covid-protokolle en vaksinepaspoorte om toerisme te bevorder.

Reis nou saam met ds. Maarten op 'n onvergeetlike reis deur die Bybel.

Ons vertrek 1 Julie 2022 vir twee weke.

Kontak Maarten by 0721431855

'n Fees der feeste!

Ons is opgewonde om saam die gemeente se verjaarsdag te vier met 'n feesnaweek! Saterdag 28 Mei hou ons Vreugdefees met pannekoek, kindervermaak, poeding en verskeie stalletjies. Vanjaar werk die stalletjies anders. Jy kan self bepaal hoe die wins van die stalletjie aangewend gaan word. Jy kan dit gebruik vir jou kleingroep se uitreik of skenk aan liefdadigheid. Jy kan selfs jou stalletjie gebruik vir die "Woeker met jou talente"-projek. Die doel van die fees is om uit te bou aan ons stad. Ook buite-instansies is welkom om stalletjies op te rig.

Die basaarlyste is reeds op die kennisgewingbord in die portaal aangebring. Kies solank waar jy betrokke wil raak en skryf jou naam op. Indien jy bereid is om die stalletjie te koördineer, maak asb 'n * langs jou naam. Maak jou eie stalletjie en woeker met jou R100. Die opbrengs van die "Woeker met jou talente sal aangewend word om Jeugbediening se fondse aan te vul. Onhou om jou stalletjie by die kerkkantoor te registreer.

Die hoogtepunt van Saterdag se feesvier, is die potjieskos. Skryf jou pot in vir die kompetisie – daar is groot pryse op die spel. Die eerste prys is 'n naweek by 'n luukse lodge in die Waterberge vir 6 persone. Ons wil graag 39 potte laat prut – een vir elke kersie op Wapadrant se verjaardag-koek! Potmakers versier self hul stalletjie en verskaf bykosse (soos rys, stampmielies, potbrood, geheime souse ens) – alles word beoordeel! Die opbrengs uit die kaartjieverkope kan aangewend/geskenk word net soos die potmaker wil!

Al maak jy nie 'n pot nie, kan jou pot steeds oorloop van vreugde - kom koop jou potjiekos by enige van die potte teen R45. Pak vir jou 'n piekniekmandjie met eetgerei en 'n kombers en kuier lekker saam.

Sondag 29 Mei sit ons die verjaarsdagvreugde voort met 'n gemeente-ete in die vorm van 'n heerlike hoenderbraai! Koop vooraf jou kaartjie. Kaartjies vir hoenderbraai sowel as die basaar sal gedurende Mei in die saal beskikbaar wees.

Loer intussen solank vir daardie stofgaarders... plek-opnemers... items wat nuttig is maar in onbruik lê. Ja - dit is daardie WIT OLIFANTE! Bring asb. jou skoon, bruikbare items/klere kerk toe en laat dit in die saal. Leë roomysbakke kan ook nuttig by die fees aangewend word.

Jy kan natuurlik ander items ook skenk: handgemaakte items, meel, eiers, tuisgebak en poeding, maar dié moet jy eerder 'n dag of wat voor die fees bring. Laat weet gerus die kerkkantoor sodat hulle weet wat jy beplan.

Sien jy jou weg oop om 'n skenking te maak, te help om op te slaan, uit te sorteer of op te ruim? Ons wil graag van jou hoor. Stuur 'n WhatsApp aan 0766398454 of epos aan admin@gkwapadrant.co.za.

Feesgroete
Die Reëlingskomitee

Twee dae fees!
Saterdag, 28 Mei,
hou ons fees!
Dit neem die vorm
van 'n basaar aan.
#WPR28_29Mei

Twee dae fees!
Sondag 29 Mei
vier ons Wapadrant
se verjaarsdag met
'n hoenderbraai!
#WPR28_29Mei

Wapadrant
Potjiekos
Kompetisie
28 Mei 2022
Wen 'n naweek vir 6
in 'n luukse lodge in
die Waterberge

'n Einde... en 'n nuwe begin

As 'n jong seun van ongeveer 12 jaar oud raak Gawie betrokke by die span jongmense wat ons moes gebruik by die jeug-eredienste wat in 2006 deur die Jeugbediening begin is, en spesifiek gerig was op die hoërskool- en naskooljeug, om die klank en die dataprojektors tydens hierdie eredienste te beman.

Later word die jeug-erediens 'n gesinserediens en dit word ongeveer in 2012 saam met die destydse aand-erediens gevoeg wat die Straatkafee-erediens genoem is, en so bly Gawie hiervoor ook betrokke by die klank- en dataspan.

Toe Gawie op universiteit was het hy vir Rachel leer ken en so begin sy ongeveer in 2015 saam met hom die eredienste bywoon waarby hy diens gedoen het, en dit het nie lank geneem nie, toe raak sy ook hierby betrokke.

Mettertyd het hulle al hoe meer begin uithelp by al die eredienste soos dit nodig was by die dataprojektor-rekenaar of by die klankmengbank. Dit sluit in die vooraf-opstellings en ook bemanning tydens die eredienste.

In 2015 het Aart van Dijk, wat die videostelsel tydens die eredienste beman het, na Nederland geëmigreer. Skielik was daar 'n groot gaping by 'n baie meer komplekse stelsel, maar Gawie was nie hiervoor bang nie; hy neem by Aart oor en doen dit ook met onderskeiding. Terwyl Gawie se fokus geskuif het, het Rachel ook al hoe meer betrokke geraak by die dataprojektor-rekenaar asook later by die video-stelsel.

Natuurlik bly dit toe nie net by eredienste nie, maar ander geleenthede ook, soos dat hulle soms moes inspring en help as ander mense hierdie spesifieke fasiliteite benodig het. Daar was ook heelwat begrafnisse wat hierdie dienste benodig het, en hulle het dit getrou kom behartig.

Toe tref die Covid19-pandemie en skielik mag ons nie meer eredienste hou nie. Gawie was hier weereens goud werd, want hy reël toe dat die predikante hulle video-opnames vir hom per internet aanstuur, hy verwerk dit en op Sondae het hy dit vanaf die huis vir almal wat wou inskakel, op Facebook begin "stream". Later word eredienste in die kerkgebou toegelaat met 'n klein ondersteuningspan en hulle was weereens elke Sondag op hulle pos.

Die geleentheid om self na België te kan emigreer, het skielik vir Rachel 'n werklikheid geword deur haar huidige werkgewer en Gawie was gelukkig om ook vinnig daar werk te kry. Intussen het hulle 'n paar jong manne opgelei om hulle plekke hier by Wapadrant te vul.

Hulle vertrek middel Mei na België en dit is nou ons laaste kans om hulle te bedank vir die jare se onbaatsugtige diens wat hulle twee in die gemeente gelewer het. Ons gaan hulle beslis in die toekoms nog baie mis.

Vreugde wen, want Jesus wen

Stephan Joubert - eKerk

Johannes 20:1-18 vertel vir ons van Jesus se eerste gesprek kort nadat Hy die dood gefnuik het. Dit gebeur vroeg daardie Sondag, wanneer Maria Magdalena by die graf opdaag. Sy hoor Iemand agter haar. Dit is Jesus. Haar eie hartseer veroorsaak egter dat sy Hom nie herken nie. Sy verwar Hom met die plaaslike tuinier. Fout, groot fout! “Waar is Jesus se liggaam?” vra sy vol droefheid. Toe spreek Jesus haar reguit op haar naam aan: “Maria!” Net dit. Dit ruk haar tot stilstand. Dit is presies die regte hemelse oogsalf. Maria Magdalena se oë gaan dadelik oop. Sy besef dit is haar Heer, wat hier by haar is. Die kruis is toe nie ’n doodloopstraat nie. Jesus het Sy woord gehou. Hy is sterker as die dood. Hy het die dood uit die pad geloop. Hy het opgestaan. Hy leef.

Maria Magdalena se herontmoeting met Jesus verander daar op die plek haar ganse lewe. Haar vreugde ken skielik geen perke nie. Haar Heer leef. Boonop wil Hy ook hê ander mense moet in haar vreugde deel. Hy wil nie dat Sy opstanding ’n geheim bly nie. Daarom moet Maria hierdie goeie nuus met Jesus se dissipels gaan deel. Hulle moet weet Hy leef sodat hulle saam kan feesvier.

Die feesnuus dat Jesus leef, is lewensveranderend. Dit moet orals uitgebasuin word. Almal moet weet die dood het nie die finale sê nie. Die kruis is die groot afbetaalplek. Die kruis is God se plek van versoening. Dit is Sy plek van vrede en nuwe lewe. By die kruis is sonde en dood ’n finale knou gegee. Jesus se opstanding bevestig dit. Hy het gewen. Ons is nie meer gevangenes nie. Ons lewe het nou nuwe betekenis. Saam met Maria Magdalena vier ons fees. Saam met haar is ons draers van die beste goeie nuus ooit. Saam met haar borrel die evangelie uit oor ons ganse lewe. Ons vertel graag dat Jesus leef! Ons basuin dit van die dakke af dat die Heer opgestaan het. Vreugde wen in ons lewe, want Jesus wen!

In Jesus se voetspore

Toer na Israel

Die doel van die toer is om geld in te samel vir die Mos Inisiatief se beursfonds wat minderbevoorregte kinders ondersteun om skool te gaan. Die verwagte toerprys begin vanaf R 27 900 per persoon (Beperkte sitplekke is beskikbaar teen hierdie wisselkoers). Toerprys soos volg bereken: Verwagte groep-lugreisgeld: R11 000 /Landreëlings: R16 900. Tariewe word deur die dienslewerars teenoor die Amerikaanse Dollar tot op R16,00 gedek. Die Randwaarde van ons toerprys sal met balansbetaling aangepas word indien die Rand sou verswak. Reisversekering word ten sterkste aanbeveel.

Weens die beperkte aantal sitplekke beskikbaar vir hierdie toer, word u inskrywing en deposito so gou as moontlik benodig om u sitplek te verseker. ‘n Deposito van R15 000 moet teen 30 April 2022 inbetaal word. Die balans van die toerprys is betaalbaar teen 30 Junie 2022, en die wisselkoers van die dag sal op die Randwaarde van ons toerprys van toepassing wees. Maak asb seker dat u fondse gedurende hierdie tyd beskikbaar is, aangesien balansbetaling weens die wisselvalligheid van die Rand, sowat 72-uur na fakturering betaalbaar is. Die toerprys is gebaseer op ‘n minimum van 40 passasiers wat saamreis.

Besprekings: Voltooi asb die registrasievorm en e-pos die dokument tesame met u bewys van betaling na ***beurse@diemos.co.za.*** Besprekings word op ‘n “first-come, first-served” basis hanteer.
Ingesluit in die toer

- Ekonomiese retoervlugte insluitend inboek-bagasie lughawebelasting en brandstofheffing
- Lughawe / hotel retoer oorplasings soos per program
- Ontbyt daagliks soos per program
- Netjiese en gemaklike akkommodasie in hotelle en herberge
- Geregistreerde Engelssprekende toergidse en luukse toerbusse
- Besigtigingstoere en ingangsfooie soos per reisplan
- Fooitjies aan toergidse, busbestuurders, portiere en hotelpersoneel

Onder die begeleiding van ervare toerleiers soos Ds Chris de Beer en Dr Theuns Eloff gaan ons die avontuur van ‘n leeftyd belewe! Die beste deel is die prys, want die toerprys begin vanaf R 27 900 per persoon.

Kontak ons vir meer inligting by 083 311 2001 indien jy belangstel.

Die reisplan is onderhewig aan verandering na gelang van tydskedules en veiligheidsituasies.

MOEDERTAAL
IN ONAFHANKLIKE
SKOLE

083 311 2001

Die Groenhuis
hv Dely en Garsfonteinweg
Waterkloof Pretoria

Roedolf van der Westhuizen [UH]
Theuns Eloff [V]
Quinton Adams
Debra Meyer
Eric Wasserman

www.diemos.co.za